UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

Opvoedkunde-grade word gevier

Gelaai op 03 Mei 2012

Die Fakulteit Opvoedkunde het bykans 1 500 sertifikate en grade tydens die April 2012-gradeplegtighede toegeken. Agtien PhD-grade is toegeken, terwyl 22 meestersgraadstudente hul grade ontvang het. □n Verdere 184 honneursgrade, 395 baccalaureusgrade, 135 nagraadse sertifikate en 160 gevorderde sertifikate in onderwys is ook toegeken.

Nog 531 afstandsonderrigstudente het ook gedurende April sertifikate ontvang en graad gevang. Dit was die eerste van sewe afstandsonderrig-gradeplegtighede wat gehou is en het op 11 April plaasgevind. Die oorblywende ses seremonies gaan gedurende Mei landwyd plaasvind, waarna ’n totaal van 1 641 afstandsonderrig hul kwalifikasies agter hul name kan skryf. Hierdie figuur bestaan uit 379 studente wat die Gevorderde Sertifikaat in Onderwys: Spesiale Onderwysbehoeftes ontvang het, 554 studente wat die Gevorderde Sertifikaat in Onderwys: Onderwysbestuur ontvang het en 708 studente aan wie die BEd(Hons) Onderwysbestuur, -Reg en -Beleid-graad toegeken is.

Charnene Weller, wat haar graad in Vroeë Kinderontwikkeling- en Grondslagfase op 18 April ontvang het, het die Fakulteit trots gemaak deur ook die voortreflike Toekenning van die Visekanselier en Rektor te ontvang. Nog ’n trotse oomblik is beleef toe Gerhard Swarts die verhoog in sy rolstoel bestyg het om sy graad in Verdere Onderwys en Opleiding: Algemeen te ontvang.

Barber Mbangwa Mafuwane het die buitengewone bereik toe hy op een dag erkenning ontvang het vir die laagste en hoogste prestasie – hy het sy Gevorderde Sertifikaat in Skoolleierskap én sy PhD-graad in Onderwysbestuur, -Reg en -Beleid ontvang. Welgedaan dr Mafuwane!

Prof Wiseman Nkuhlu, Kanselier, en prof Robin Crewe, Viserektor, het die kongregasie onderskeidelik op 16 en 18 April 2012 in die volgepakte Rembrandtsaal saamgestel, waar meer as 3 000 trotse familielede en vriende van die graduandi die verrigtinge bygewoon het.

Prof Irma Eloff, Dekaan, wil graag die Fakulteit se gelukwensing aan ons graduandi oordra. Ons is trots op julle!

Kyk na die foto's van die April 2012 gradeplegtighede.

<< Terug na die nuuslys

Bookmark this page: